# Hoofstuk van die dag: Jakobus 4

> *Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? (Jak 4:5)*

God wil ons hele hart hê. Hy is met niks minder tevrede nie.

Daar is nie so-iets soos ’n midde-weg nie. Jy kies òf vir God en dien Hom met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand en al jou krag, òf jy kies die wêreld en lewe volgens die reëls en norme van die wêreld.
Dit was die probleem met die Christene aan wie Jakobus skryf: Hulle het gedink hulle kan vir God kies en steeds bly lewe soos die ongelowiges. Nou sê hy: Nie almal kwalifiseer om God se kinders te wees nie. Die Here Jesus het self by geleentheid gesê (Matt 7:21): “Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here Here’ sal in die koninkryk van God ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.”
Die vraag is: Maak die feit dat jy ’n Christen is en in God glo, enige verskil aan jou lewe? Maak dit dat jy anders optree teenoor eggenoot, jou kind, jou (skoon)ouers, jou buurman of jou werkgewer of werknemer of politieke teenstander?


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026